

Woord vir die week

6 Julie 2020

Romeine 8:1-11

1 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.

2 Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. 3 Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.

4 Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees. 5 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.

6 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. 7 Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. 8 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.

9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. 10 Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. 11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Vrae vir nadenke

Kan jy jouself indink dat God jou glad nie veroordeel nie? Veroordeel jy dalk jouself?

God bevry ons van dinge waarvan ons, weens ons sondige natuur, te swak is om onself te bevry. Wat is hierdie dinge in jou lewe?

Is daar dele in jou lewe waarvoor jy nie jou beheer vir die Gees wil afgee nie? Hoe kan jy vir die Gees groter beheer oor jou lewe gee?

Die dinge van die Gees waarmee ons onself moet besig hou, bring lewe en vrede. Hoe kan jy lewe en vrede bring?

Watter verskil maak dit vir jou om te weet dat die Gees van Christus in jou lewe? Waartoe stel dit jou instaat?